# DIE VERANDERENDE GRENSE VAN "TRANSVAAL" 1840-1994

**J.S. Bergh**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0001 Pretoria*

**The changing borders of the "Transvaal" 1840-1994**

During the 150 years of its existence as an administrative unit, Transvaal experienced various important boundary changes and territorial expansions. It occurred especially on the eastern and western borders. While, during the 19th century, the eastern frontier was mainly characterised by territorial expansion — *inter alia* up to the Lebombo Mountains and the land which was obtained from the Swazi's and the land of the New Republic, the western frontier experienced by times even the loss of territory. During the 20th century, however, this trend was to a large degree reversed

Transvaal het in die 150 jaar van sy bestaan as administratiewe eenheid verskeie belangrike grensaanpassings en gebiedsuitbreidings ondergaan. Dit het veral aan die oosgrens en wesgrens voorgekom. terwyl die oosgrens gedurende die 19de eeu hoofsaaklik deur gebiedsuitbreiding gekenmerk is — onder meer uitbreiding tot aan die Lebomboberge, grondgebied van die Swazies verkry en die gebied van die Nuwe Republiek, is aan die wesgrens by tye selfs gebiedsverlies ervaar. Gedurende die loop van die 20ste eeu is dié tendens egter in 'n groot mate omgekeer.

In 1994, met die inwerkingstelling van die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika, het die provinsie "Transvaal"[1] as administratiewe begrip verdwyn. Op die grondgebied van die voormalige Transvaal het die vier noordelike provinsies, Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en die Noordelike Provinsie tot stand gekom. In die geval van Noordwes sluit dit, benewens die voormalige Wes-Transvaal, ook 'n gedeelte van die voormalige Kaapprovinsie in. Mpumalanga daarenteen het in die suidooste dié deel van die voormalige Transvaalse Distrik Piet Retief wat suid van Swaziland en noord van die Phongolorivier geleë was aan KwaZulu/Natal afgestaan.[2] Alhoewel dikwels aanvaar word dat voor hierdie gebeurtenis Transvaal dwarsdeur die tydperk van sy bestaan as "Zuid-Afrikaansche Republiek", kolonie en provinsie relatief min grensveranderinge ondergaan het, was dit tog nie die geval nie.

*Historia*, 41(2), November 1996

---

1. Volgens P.E. Raper, in *A Dictionary of Southern African place names*, Johannesburg, 1987, pp. 541 en 560 is die "Vaalrivier" waarna "Transvaal" vernoem is, 'n vertaling van die oorspronklike Khoeikhoen "Heigariep".
2. Sien kaart *Republiek van Suid-Afrika, Landdrosdistrikte en Provinsies*, 1994, skaal 1:2 500 000, uitgereik deur die Staatsdrukker, Pretoria, 1994.

**Vroegste grensomskrywing**

In die eerste omskrywing van die gebied noord van die Vaalrivier waarop blanke nedersetters aanspraak gemaak het, het die Voortrekkerleier A.H. Potgieter 'n belangrike aandeel gehad. Potgieter het sy aanspraak op grond van die reg van verowering gevestig. Die grondgebied wat hy in gedagte gehad het, was enersyds groter as net die gebied waarop die Khumalo-Ndebele van Mzilikazi gevestig was. Dit het ook dié gebied ingesluit waaroor Mzilikazi onregstreeks beheer gehad het óf omdat hy swart gemeenskappe daaruit verdryf het óf hulle onderwerp het.[3] Andersyds was hierdie gebied veral in 'n oostelike en noordelike rigting veel kleiner as die Transvaal van 1994 hoewel dit na die weste tot in die teenswoordige Botswana gestrek het.

Dit is nie moontlik om die grense van Mzilikazi se voormalige ryksgebied noukeurig aan te toon nie. Tog kan dit by benadering gedoen word met behulp van veral die inligting wat R.K. Rasmussen vir sy publikasie oor die Khumalo-Ndebele ingesamel en benut het. Op grond hiervan sou die suidelike grens van Mzilikazi se invloedsfeer op ongeveer die Vaalrivier vasgestel kon word. Tydens die Ndebele se verblyf aan die Vaalrivier (ongeveer 1823 tot 1827) was hulle weliswaar ook suid van die Vaalrivier woonagtig, maar die swaartepunt van hulle ryksgebied het kort daarna permanent noord- en weswaarts verskuif. Die ekspedisies wat die Ndebele suid van die Vaalrivier onderneem het, was ook nie van blywende betekenis nie. Suidooswaarts het die Ndebele nog in 1834 'n Griekwagroep onder Peter David wat in die omgewing van die samevloeiing van die Vaalrivier en die Wilgerivier gejag het, aangeval en verdryf. Vir die tydperk waartydens die Ndebele in die sentrale en westelike gedeeltes van Transvaal gevestig was (ongeveer 1827 tot 1837), dui Rasmussen die Ndebele-invloedsfeer ooswaarts as tot ongeveer net oos van die Elandsrivier (sytak van die Olifantsrivier) aan. In 'n noordoostelike rigting het die tsetsevlieg blykbaar die uitbreiding van die Ndebele tot nie ver noord van die Pienaarsrivier nie, beperk. Dit is egter bekend dat in 'n noordelike rigting die Ngwato (in die omgewing van die Shoshongheuwels) skatpligtig aan Mzilikazi was. Weswaarts het die Ndebele invloed uitgeoefen oor die Ngwaketsegebied tot ongeveer by Kanye. In die suidweste het die Ndebele-invloedsfeer blykbaar nie heeltemal tot by die benedeloop van die Hartsrivier in die omgewing van Taung gestrek nie omdat verskeie Tswanagroepe daarheen gevlug het. Die Ndebele het egter in Januarie 1834 sommige van hierdie vlugtelinge aan die Hartsrivier aangeval.[4]

Hierdie gebied stem in baie opsigte ooreen met die Voortrekkers se omskrywing van hul aanspraak noord van die Vaalrivier. Op 16 Oktober 1840 het 'n gesamentlike vergadering van 'n afvaardiging van die Natalse Volksraad en van Potgieter en sy ondersteuners aan die Mooirivier breedweg en in vae terme hulle aanspraak soos volg omskryf: in die ooste sou die grens oos van Renosterpoort (Trigaardspoort, noordoos van Bronkhorstspruit) loop en daarvandaan tot by "Buffelskop" (waarskynlik die Buffelshoekberge oos van Potgietersrus). Vanaf Buffelskop sou dit in 'n noordwestelike rigting tot aan die Kalahari (in die omgewing van die Soshongheuwels?) en vandaar suidwaarts tot aan die Moloporivier en verder suid tot by die soutpan aan die Vaalrivier strek (waarskynlik dié een tussen die teenswoordige Bloemhof en Christiana). Hierbenewens sou die grondgebied vanaf Renosterpoort tot aan die Soutpansberg asook dié grond wat deur kapteins aan Potgieter afgestaan is, as staatsgrond in

3. P.J. van der Merwe, 'Die Matebeles en die Voortrekkers', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1986, II* (Pretoria, 1986), pp. 280-281.
4. R.K. Rasmussen, *Migrant Kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa* (Cape Town, 1978), pp. 44, 60, 61, 99, 102, 104.

trust gehou word.[5]

## 2. Die suidelike grens

Die eerste werklike internasionale erkenning van hulle onafhanklikheid wat die blanke gemeenskap noord van die Vaalrivier verkry het, was toe Brittanje op 17 Januarie 1852 die Sandrivierkonfensie met hulle gesluit het. Die omskrywing van grense in dié dokument was egter vaag. Net die Vaalrivier is as suidelike grens uitgewys.[6] Selfs hierdie grens was omstrede omdat onsekerheid bestaan het oor presies watter boloop van die Vaal die grens tot by die Drakensberg sou vorm. Transvaal en Vrystaat het teenstrydige aansprake hieroor gehad.

Ten opsigte van die grenslyn aan die oorsprong van die Vaalrivier is in die Britse weergawe van die bepalings van die Sandrivierkonfensie gestipuleer dat die "... line from the source of that river over the Drakensberg ..." deur 'n gesamentlike kommissie bepaal sou word.[7] Nadat Brittanje in 1854 aan die Vrystaat sy onafhanklikheid toegestaan het, het hierdie 'n aangeleentheid tussen die twee Boererepublieke geword wat eers in 1870 deur middel van arbitrasie besleg sou word.[8] Die Transvaalse Volksraad het reeds in April 1854 te Rustenburg teenoor 'n besoekende Vrystaatse afvaardiging die standpunt ingeneem dat die grens aan die bolope van die Vaalrivier suidooswaarts deur die Kliprivier (suidelike sytak van die Vaal) en Seekoeivallei gevorm word.[9] Die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) het hierdie grens dan ook op 25 April 1860 so geproklameer.[10] Die Vrystaatse Volksraad het in 1857 weliswaar in 'n geheime besluit ook die Klipriviergrenslyn en daarmee saam Versamelberg aanvaar, maar het later aangedring op die Likwarivier of Kapokrivier ('n meer noordelike sytak van die Vaalrivier wat op moderne kaarte as die boloop van die Vaal aangedui word) as grens, terwyl die Z.A.R. in reaksie daarop die Wilgerivier gestel het. In die eerste Keate-arbitrasie-uitspraak van 19 Februarie 1870 is dié grens toe vasgestel as die Kliprivier en uit laasgenoemde die Gansvalleispruit tot by sy oorsprong in die Drakensberg. Dit is uiteindelik so deur beide die Transvaalse en Vrystaatse Volksrade aanvaar.[11] Hierdie grensbeskrywing is later in die bepalings van die Konvensies van Pretoria (1881) en Londen (1884) opgeneem.

---

5. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke (S.A.A.), Natal No. 1*, pp. 350-351: Bylae 28, Notule van Openbare vergadering, Potchefstroom, 16/10/1840; *Suid-Afrika 1:250 000 Topo-Kadastrale velle 2528 Pretoria en 2747 Christiana en Topografiese Vel 2428 Nylstroom*, Pretoria, 1969, 1974 en 1971.
6. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke (S.A.A.), Transvaal 1*, pp. 288-290: Bylae 2/1852, Die Sandrivierkonvensie, 17.1.1852.
*British Parliamentary Papers, Further Correspondence ... State of the Orange River Territory*, 31.5.1853, pp. 36-37: The Sand River Convention, 17.1.1852.
8. F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier Omstrede Grenslyn* (Johannesburg, 1974), pp. 92, 154-155.
9. *S.A.A., Transvaal III*, p. 13: Volksraadnotule, 15.6.1854, art. 31.
10. *De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885*, saamgestel deur F. Jeppe en J.G. Kotzé, Pretoria, 1887, pp. 140-141: Proklamasie, 25/4/1860.
11. F.A. van Jaarsveld, pp. 104, 154-158.

## 3. Die oosgrens

In die Konvensies van 1881 en 1884 is die Transvaalse grens met Natal en Zululand terselfdertyd ook beskryf vanaf die bogenoemde punt van oorsprong van die Gansvalleispruit in die Drakensberg. Hiervandaan het die grens noordooswaarts die waterskeiding van die Drakensberge tot by die oorsprong van Division Stream gevolg en met laasgenoemde tot by sy samevloeiing met Coldstream en van daar tot waar Coldstream in die Buffelsrivier vloei. Daarna het Buffelsrivier die grens gevorm tot waar Bloedrivier daarin uitmond en dan met laasgenoemde tot by Lynspruit (Dudusi). Vanaf die oorsprong van Lynspruit het die grens uiteindelik by die Mpemvanarivier aangesluit en is laasgenoemde gevolg tot waar dit in die Bivanerivier uitmond. Daarna met die Bivane tot by sy samevloeiing met die Phongolorivier en dan ooswaarts met die Phongolo tot by die Lebomboberge.[12] Hiermee is praktiese erkenning gegee aan gebiedsuitbreiding van die blanke gemeenskap in Transvaal gedurende die jare vyftig en sestig deur middel van ooreenkomste met die Zulu's en die Swazi's. Blanke boere het naamlik in 1854 die stuk grond tussen die Buffels- en Bloedrivier, wat noordwaarts ongeveer tot by die Phongolo gestrek het, van Mpanda gekoop. Dié gebied het in 1859 as die Distrik Utrecht by die Z.A.R. aangesluit. In die tweede geval is die Distrik Lydenburg in 1855, in terme van die verdrag wat met die Swazi's gesluit is,[13] suidooswaarts tot by die Phongolorivier uitgebrei. Daarbenewens is verdere grondgebied aan die weste en suidweste van die teenswoordige Swaziland in 1866 van die Swazi's gekoop en het 'n gesamentlike Z.A.R.-Swazikommissie daarna begin om die grens in ooreenstemming met die gebiedsooreenkomste af te baken. Die huidige grens van Swaziland is hierna in 'n groot mate reeds in die Konvensies van 1881 en 1884 vasgelê.[14]

Wat die res van die oosgrens van die Z.A.R. verder noord betref, is dit aanvanklik in die ooreenkoms van A.H. Potgieter in 1844 met die Portugese Goewerneur te Delagoabaai op vier dagreise vanaf die ooskus, tussen die 10de en 26ste graad suiderbreedte, gestel.[15] In die 1855-verdrag met die Swazi's is die Lebomboberge as dié oosgrens geïmpliseer.[16] In 1869 is formele onderhandelinge met Portugal gevoer wat uiteindelik op die Traktaat van 1871 uitgeloop het. Hierin is onder meer die grens tussen die Z.A.R. en Portugees-Oos-Afrika beskryf as hoofsaaklik die Lebomboberge en vandaar tot waar die "Paforirivier" (die Luvuhurivier) in die Limpopo loop. Die onderhandelinge en die Traktaat is deur M.W. Pretorius se 1868-proklamasie voorafgegaan in terme waarvan die Z.A.R. op 'n strook grondgebied aan weerskante van die Maputorivier tot in Delagoabaai aanspraak gemaak het. Nadat Portugal daarteen beswaar aangeteken het, het die Z.A.R. daarvan afgesien.[17] Die 1871-grensbeskrywing is opgeneem in die Konvensies van 1881 en 1884.[18]

---

12. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 996-997, 1251: Conventie, 3.8.1881 en 27.2.1884.
13. Transvaalse Argiefbewaarplek, L. 1, Volksraadbesluit, 18.4.1856 art. 10, pp. 6-7.
14. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 997-998 en 1251-1252: Conventie, 3.8.1881 en 27.2.1884.
15. P.J. van der Merwe, 'Die Matebeles en die Voortrekkers', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1986 II*, p. 306.
16. Transvaalse Argiefbewaarplek, L. 1, Volksraadbesluit, 18.4.1856 art 10, pp. 6-7.
17. *Verdragen der Zuid-Afrikaansche Republiek*, saamgestel deur A.F. Kock, Pretoria, 1897, p. 78; D.W. Kruger, 'Die Weg na die See', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1938 I*, pp. 178-182, 187-188; T.S. van Rooyen, 'Die verhouding tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1951 I*, p. 85.
18. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 998, 1253: Conventie, 3.8.1881 en 27.2.1884.

## 4. Die noordgrens

Die bogenoemde 1868-proklamasie het die noordgrens as van die Z.A.R. die Limpoporivier vasgestel. Hierdie posisie is in 1869 en 1871 bevestig toe die Limpopo as een van die grense van die Distrik Waterberg omskryf is.[19] Vermoedelik is dit egter reeds vroeër so in die praktyk erken. In 1858 is byvoorbeeld in wetgewing melding gemaak van olifantjagveld waar jagters toegelaat sou word om in wintermaande te jag as agter die Soutpansberge en Blouberge.[20] Die bepalings van die Konvensies van 1881 en 1884 het erkenning aan die Limpopo as noordgrens gegee — vanaf waar die Luvuvhurivier daarin uitmond in die ooste tot waar die Maricorivier daarby aansluit in die weste.[21]

## 5. Die wesgrens

Oor die wegrens het daar ongetwyfeld die meeste onsekerheid bestaan. In Oktober 1840 het die Voortrekkers wat hulle noord van die Vaalrivier gevestig het, aanspraak gemaak op 'n wesgrens waarin die Kalahari, die boloop van die Moloporivier en die soutpan aan die Vaalrivier genoem is. Dié soutpan is ook in die 1857-omskrywings van die Distrik Potchefstroom as die verste weswaartse baken geïdentifiseer. Daar is nogtans in dié omskrywing van die distriksgrense van Potchefstroom en Rustenburg daarvan melding gemaak dat die wesgrense daarvan (wat ook die wesgrens van Transvaal sou wees) nog uiteengesit moes word.[22]

Met die tweede Keate-arbitrasie van 1871, is die Transvaalse wesgrens sover oos as Makwassiespruit vasgestel. Die Konvensies van Pretoria (1881) en Londen (1884) het die Transvaalse wesgrens uiteindelik weer weswaarts terug geskuif tot onder meer suidwes van Christiana.

## 6. Uitbreiding in die jare tagtig en negentig

Teen 1884 was al die grense van die Z.A.R. dus vasgestel en omskryf. Daar is trouens selfs in die Konvensie van dié jaar bepaal dat die regering van die Z.A.R. hom stip by dié grens moes hou en moes toesien dat sy onderdane dit ook nie skend nie. Die hande van die Z.A.R. is verder gebind deur die bepaling dat hy geen "verdrag of verbintenis" met "eenigen Staat of Natie, behalwe den Oranje Vrijstaat" mag aangegaan het — dit het ook betrekking gehad op swart groepe aan sy wes- en oosgrens — sonder die goedkeuring van Brittanje nie.[23] In die laat jare tagtig en vroeë jare negentig het die Z.A.R. nogtans — met Britse goedkeuring — sy gebiedsgrense na die ooste en suidooste uitgebrei.

Die eerste uitbreiding het in 1888 plaasgevind toe die Nieuwe Republiek by die

---

19. *S.A.A., Transvaal VII*, pp. 274-275: Bylae 91/1867-1868, Proklamasie, 29.4.1868; *De Locale Wetten 1849-1885*, p. 355: Proklamasie, 31.7.1869 en pp. 415-416: Proklamasie, 10.1.1871.
20. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 106-107: Wet tot betere regulering der jagt op olifanten ..., 22.9.1858.
21. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 998, 1253: Conventie, 3.8.1881 en 27.2.1884.
22. *S.A.A., Natal I*, pp. 350-351: Bylae 28/1840, Akte van vereniging ..., 16.10.1840; *De Locale Wetten 1849-1885*, p. 34: Gouvernements Berigt, 16.11.1857.
23. *De Locale Wetten 1849-1885*, p. 1255: Conventie, 27.2.1884.

Z.A.R. ingelyf is. Dié inlywing is voorafgegaan deur die Verdrag van Vereeniging tussen dié twee republieke op 14 September 1887. Daarin is onder meer bepaal dat die Nieuwe Republiek as die Distrik Vryheid by die Z.A.R. ingeskakel sou word.[24] Na aanleiding van hierdie verdrag het die Z.A.R. en Brittanje in Junie 1888 'n konvensie gesluit om in terme van die bepalings van die Konvensie van Londen die verdrag goed te keur en om die suidoostelike uitbreiding van die grens van die Z.A.R. te omskryf.[25] Die Volksraad van die Z.A.R. het die Verdrag van Vereeniging op 2 Julie 1888 bekragtig.[26]

'n Tweede afwyking van die grensomskrywing in die Konvensie van Londen het in 1890 gevolg toe 'n klein gedeelte van Swaziland, bekend as die Kleine Vrijstaat, tot die Z.A.R. gevoeg is. Hierdie toevoeging net noordoos van die dorp Piet Retief is deur artikel 24 van die Konvensie van 1890 tussen Brittanje en die Z.A.R. gemagtig. Dié artikel is ook opgeneem in die Konvensie van 1894 wat die Konvensie van 1890 vervang het. Die Z.A.R. het terselfdertyd onderneem om die gebiedsaanspraak of invloedsfeer wat hy noord en noordwes van sy bestaande grens mag gehad het te laat vaar.[27] Die Kleine Vrijstaat het voortgespruit uit 'n grondtransaksie van 1876 tussen die Swazikoning en die boere Joachim Ferreira en Ignatius Maritz. Met 'n verdere kleiner toevoeging in 1888 was hierdie grondgebied amper 13000 hektaar groot. Teen 1886 het die Boere wat hulle hier gevestig het daarop begin aandring om hulle self te administreer en op aansluiting by die Z.A.R. Hulle het inderdaad 'n eie administrasie geskep en het bekend begin staan as die Kleine Vrijstaat. Teen 1888 het die Swazikoning voor druk wat op hom uitgeoefen is, geswig en ingewillig dat dié grondgebied by die Z.A.R. ingelyf kon word.[28]

Hoewel die dispuut tussen die Z.A.R. en die Vrystaat oor grondgebied aan die bolope van die Vaalrivier in 1871 besleg is, was daar steeds onenigheid oor die eilande in die Vaalrivier. Met die traktaat wat in 1895 tussen dié twee state gesluit is, is hierdie aangeleentheid egter ook bevredigend gereël.[29]

## 7. Veranderinge in die 20ste eeu

Na die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die nuwe Transvaalse Kolonie die hele distrikte Utrecht en Vryheid en kleiner dele van Wakkerstroom aan Natal afgestaan.[30]

Ander kleiner veranderinge in die loop van die twintigste eeu aan die Transvaalse grens, was enersyds die uitsluiting in 1964 van dié gedeelte van Jan Kempdorp (aan die suidwesgrens) wat in Transvaal geval het en die insluiting daarvan by die Kaapprovinsie.[31] Andersyds is sekere stemdistrikte van die Kaapprovinsie aangrensend aan die Transvaalse

---

24. *Verdragen Der Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp. 29-32.
25. *Staatscourant Der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 12.9.1888, No. 399: Gouvernements-Kennisgeving, 3.8.1888.
26. *Bijvoegsel Tot De Staatscourant Der Z.A. Repubiek*, 5.9.1888: Volksraadbesluit 2.7.1888, art. 787.
27. *Verdragen Der Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp. 64-70.
28. P. Bonner, *Kings, Commoners and Concessionaires — The evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state* (Johannesburg, 1983), pp. 161, 164, 182, 199, 276 note 10 and 277 note 29.
29. *Verdragen Der Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp. 61-63.
30. *Map of the Transvaal Colony*, compiled in the Surveyor General's Office Pretoria in December 1902, revised August 1904 by W.H. Gilfillan, Surveyor General; *Government Gazette* No. 176 of 6.2.1903, pp. 310-311: Proclamation, 26.1.1903.
31. *Wet op Jan Kempdorp (Wet No. 40 van 1964).*

wesgrens in 1985 by laasgenoemde ingelyf.[32] Die "onafhanklikwording" van Boputhatswana en Venda het uit die aard van die saak ook 'n uitwerking op Transvaalse grense gehad.[33]

32. *Wet op die Verandering van Provinsiale Grense (Wet No. 26 van 1985).*
33. Sien moderne topokadastrale kaarte.